**STEM SEKER! STEM VIR 12!**
Dit is in u eie belang

# Die Matie

**SPESIALE VERKIESINGSUITGAWE**
TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(UIGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)

Vol. XVIII, No. 9. DINSDAG, 20 AUGUSTUS 1963 Prys 2½c

**ONTHOU DIE SIRKUS IS VANJAAR IN DIE PLAZA**

# VERKIESING OP HANDE: 29 KANDIDATE IN DIE VELD

## Verantwoordelikheid van Elkeen om te Stem

DIE verkiesing van studenteraadslede vind vanjaar plaas op Donderdag, 22 Augustus tussen 8-uur vm. en 3-uur nm.

Hierdie is 'n aangeleentheid wat elke lid van die studente-unie betrek. Dit is die verantwoordelikheid van elke lid om sy stem uit te bring en daardeur nie alleen 'n aandeel te neem in die verkiesing van sy verteenwoordigende liggaam nie, maar daarmee gaan ook gepaard die uitoefening van sy reg om te kan stem. Dinsdagaand, die 20ste, om 7 nm. in die Plazateater, kry u die kans om persoonlik met die kandidate kennis te maak en te ondervra in verband met hul beleidsverklarings.

Ten einde te verseker dat alles glad sal verloop, word u versoek om die onderstaande reëlings noukeurig te bestudeer.

1. 'n Lid van die Studente-unie is stemgeregtig wanneer hy ten minste **één** semester lid van die studente-unie was. Met dien verstande dat 'n persoon wat lid was, onmiddellik stemgeregtig sal word as hy weer lid word.

2. Die kieserslys bestaan uit lede stemgeregtig op nominasiedag.

3. Besware met betrekking tot die kieserslys word op die verkiesingsdag by die voorsitter van die stembuskomitee gedoen, welke besware onmiddellik afgehandel word.

4. **Die verkiesing vind tussen 8 vm. en 3 nm. plaas by wyse van 'n stemming met geslote stembriefies.**

5. Onreëlmatighede in die stemming word onmiddellik by die voorsitter van die stembuskomitee aangemeld, wat sal handel volgens eie goeddunke.

6. **ELKE LID SAL NIE MINDER AS SES (6) EN NIE MEER AS TWAALF (12) STEMME UITBRING NIE.**

7. 'n Alfabetiese naamlys van die kandidate met 'n nommer by elke kandidaat word in die stemlokaal aangebring.

8. 'n Kieser stem deur die nommer van die kandidaat op 'n stembrief aan te bring.

9. Slegs die stembrief deur die stembeampte verskaf mag gebruik word.

10. **Elke kieser moet persoonlik in die lokaal stem.**

11. Die stemprosedure is as volg :


(a) 'n Stembrief word gegee aan elke persoon, wat sy naam verstrek en wie se naam op die kieserslys is. Sodra 'n persoon 'n stembrief ontvang het, word sy naam van die kieserslys geskrap.

(b) Na stemming word die briefie in die geslote stembus, wat spesiaal vir daardie doel aangebring word, geplaas.

(c) Elke kieser is geregtig op 'n nuwe blanko stembriefie by inhandiging van die een wat hy beskadig het, indien dit gebeur.

12. **Enige persoon kan deur die stembeampte versoek word om die lokaal te verlaat indien hy onnodig lank daar vertoef.**

13. Alle nuwe lede (d.w.s. eerstejaars en seniors wat vir die eerste maal op Stellenbosch ingeskryf is) sal op 'n **groen stembrief**



**Mnr. Johan Strydom, stembuskonvenor vir 1963 se S.R.-verkiesing.**

stem, terwyl almal wat 'n jaar op Stellenbosch gestem het, op 'n **wit stembrief** stem.

14. 'n Kennisgewing van die verkose kandidate en die totale aantal stemme op elkeen uitgebring, saam met die persentasie stemme uitgebring, word as voorlopige uitslag aangebring onmiddellik nadat die tel van stemme voltooi is.

15. Indien enige lid van die Studente-unie beswaar het, dat die verkiesing nie ooreenkomstig die bepalings van die konstitusie plaasgevind het nie, of dat die verkiesing om enige ander rede ongeldig is, handig hy sodanige beswaar binne vier-en-twintig (24) uur skriftelik by die voorsitter van die stembuskomitee in, wat die beswaar so gou moontlik aan 'n arbitrasiehof vir beslissing voorlê. Die beslissing van die arbitrasiehof is finaal en indien dit ten gunste van geldigheid van die verkiesing is, word die verkose Studenteraad geag gekies te wees vanaf daardie oomblik.

16. Indien daar geen beswaar skriftelik by die voorsitter van die stembuskomitee ingedien is, binne vier-en-twintig (24) uur na die bekendmaking van die voorlopige uitslag nie, word die verkose Studenteraad geag geldig te wees.

Baie dankie,

G. J. STRYDOM,
Stembuskonvenor.

## *Gemengde Gevoelens By Laaste S.R.-vergadering*

DIT was met gemengde gevoelens dat die Studenteraadslede die laaste vergadering van die termyn benader het. Gemeng, omdat daar enersyds die vooruitsig was van 'n sware las wat sou verdwyn, maar andersyds was daar ook die idee „dit is die laaste." En „laaste" het die kenmerk om 'n einde te maak aan alle gehink op twee gedagtes.

Dit het die kenmerk om 'n teleurstellende finaliteit aan alles te heg, dit is die grens tussen „nog nie" en „alles is deel van die onherroeplike verlede".

Daar was 'n aanvoelbare aangedaanheid toe die voorsitter, mnr. C. van H. Brand, elke lid persoonlik bedank het vir die bydrae wat elkeen gedoen het. Dit was nie woorde wat deur die sombere vertrek gerol het nie, maar dit was 'n persoonlikheid, nee dit was Christiaan Brand wat 'n „onder onsie" met elke lid persoonlik gehad het. Hierna het die onder-voorsitter, mnr. Bernard Lategan, geantwoord. Hy het die voorsitter geloof vir sy opregtheid, sy toegewydheid en sy vermoë om leiding te gee wanneer nodig.

En toe was dit die einde en elkeen het met sy eie gedagtes gesit. „Nou dat soveel waaraan ek in die afgelope jaar gewoond geraak het, soveel wat ek gedink wat nooit kan verbygaan nie, ten einde spoed, staan ek verbyster by die keerpunt." En so het elkeen tot die harde werklikheid gekom: daar is geen keer nie want „die winde van die tyd gaan oor alles en almal heen".

E.L.

## STUDENTERAADSVERKIESING

**Donderdag, 22 Augustus 1963**

**Vanaf 8 vm. — 3 nm.**

**STEMLOKALE**

**N.B.: LEDE WAT KURSUSSE LOOP WAT DEEL VORM VAN MEER AS EEN FAKULTEIT MAG NET BY EEN LOKAAL STEM.**

| | |
|---|---|
| LETTERE en WYSBEGEERTE. B.A. MAATSKAPLIKE EN BIBLIOTEEKWESE. | VAN DER STERR-GEBOU |
| HANDELSTUDENTE. | H. F. VERWOERD-GEBOU |
| NATUURWETENSKAPPE - STUDENTE. B.SC. DIEETKUNDE. M.B., CH.B. I & II. DIPLOMA IN HOSPITAALKUNDE. ARBEIDSTERAPIE. | D. F. MALAN-GEBOU. |
| LL.B. DRAMA. B.A. (REGTE). B.A. (KUNS). B.COM (REGTE) | OU HOOFGEBOU. |
| HUISHOUDKUNDE EN SPESIALE STUDENTE. | HUISHOUDKUNDE-GEBOU. |
| OPVOEDKUNDE-STUDENTE. L.S.O.D. I EN II. | OPVOEDKUNDE-GEBOU. |
| LANDBOUSTUDENTE EN VOEDSELTEGNOLOGIE. | J. S. MARAIS-GEBOU. |
| INGENIEURSTUDENTE. | INGENIEURS-GEBOU. |
| JOKL-STUDENTE. | LIGG. OPVOEDING GIMNASIUM. |
| MUSIEKSTUDENTE | KONSERVATORIUM. |
| BOSBOUSTUDENTE | NUWE BOSBOUGEBOU. |
| SENIOR MEDIESE STUDENTE. | KARL BREMER-HOSPITAAL |
| BUITEMUURSE STUDENTE. | BELLVILLE (SANLAM-GEBOU. |
| MILITÊRE AKADEMIE-STUDENTE. | MILITÊRE AKADEMIE, SALDANHABAAI. |
| KWEEKSKOOL-STUDENTE. | KWEEKSKOOL |

U SAMEWERKING EN DISKRESIE SAL WAARDEER WORD.

DANKIE,

JOHAN STRYDOM,
Konvenor.

## TEO LOUW

**Ve JAAR**
**B.SC. B. ING. IV**

**ONDERVINDING :**

1961 : **Sekretaris Intervarsitykomitee; Afgevaardigde na konferensie van Suid-Afrikaanse Universiteitsingenieurstudente (S.A.F.U.I.S.)**

1961-62: **Lid van Publikasiekomitee, Redakteur Momentum; Assistent-sekretaris Studentetak van Nasionale Party.**

1962 : **Afgevaardige na S. A. F. U. I. S. - konferensie, S.A.F.U.I.S.-verteenwoordiger in Duitsland (Januarie '62).**

1963: **Ondervoorsitter V.S.I.S.; Ondervoorsitter Studentetak van N.P.; Direkteur vir Internasionale Sake en Hoofbestuurslid van S.A.F.U.I.S.**

**Leier van Stellenbosch-afvaardiging na S.A.F.U.I.S.-konferensie.**

**BELEID :**

1. Deeglik bewus van die eise en verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan, stel ek myself beskikbaar om die Studente-unie te dien na die beste van my vermoë.

2. In my optrede sal ek my altyd laat lei deur die Christelike beginsels wat ek huldig.

3. Positiewe stappe sal gedoen moet word om te verhinder dat die Studente-unie te veel versplinter in losstaande groepe.

4. Geleenthede vir samewerking met ander studentegroepe moet ten volle benut word, mits dit nie die prysgawe van beginsels in die gedrang bring nie.

5. Die goeie werk deur die uittredende S.R. verrig moet voortgesit en uitgebou word.

**Voorsteller :** B. C. Lategan.

**Sekondante :** Braam le Roux, Pieter Potgieter, D. J. de Villiers, D. Jooste, T. E. Lombard.

## ABRAHAM LÜCKHOFF

**VIde JAAR**
**KWEEKSKOOL II EN M.A.**
**(GESKIEDENIS)**

**ONDERVINDING :**

1958-1960 : **Wenner van Eerstejaarsredenaarskompetisie, Wenner van Junior-redenaarskompettisie; Sekretaris U.S. Debatsbestuur; Redaksie „Die Matie".**

1961 : **Voorsitter U.S. Debatsbestuur; Sekretaris „Die Matie"; Lid U.S. afvaardiging na A.S.B.-kongres; Wenner van Inter-universitêre Redenaarskompetisie.**

1962 : **Studenteraadslid (1961-'62); Voorsitter A.S.B.-komitee; O/Voorsitter Intervarsitykomitee; Komitee vir Inter-universitêre sake; Voorsitter U.S. Debatsvereniging; Lid U.S. afvaardiging na A.S.B.-kongres; Huiskomitee Dagbreek.**

1963 : **Studenteraadslid (Uitvoerende komitee) 1962-63; Voorsitter Intervarsity-komitee; Inter-universitêre komitee; Ere-kleure komitee; Huiskomitee Dagbreek; Leier U.S. afvaardiging op A.S.B.-kongres; A.S.B.-Hoofbestuurslid.**

**BELEID :**

Die taak van die Studenteraad is tweeledig :

1. Om die studentegemeenskap en sy ondernemings te administreer.

2. Om in beleidsake 'n standpunt in te neem en die studente-unie te verteenwoordig ooreenkomstig die lewensbeskouing van die Afrikaanssprekende student. Só sal die besondere karakter van Stellenbosch gehandhaaf en uitgebou word.

**Voorsteller :** Christiaan Brand.

**Sekondante :** D. Jooste, J. Engelbrecht, D. J. de Villiers, H. J. Schwartz, Somarie Jooste (mej.)

## HETTITIA MCGREGOR

**IVde JAAR**
**B.A. HONNEURS.**
**(AFR.-NEDLS.)**

**ONDERVINDING:**

1962: **Huiskomitee (Monica); A.S.K.-Bestuur, Koshuisverteenwoordigster vir C.S.V.**

1963: **Huiskomitee (Monica), A.S.K.-Bestuur; C.S.V.-bestuur; „Matie"-redaksie; Redaksie van „Die Stellenbosse Student."**

**BELEID:**

Ek stel my ten doel om my Christelike beginsels na die beste van my vermoë uit te leef en my verdere te beywer vir die volgende sake:

(i) Om die belange van die gemiddelde student, in besonder die damestudent, by die owerhede en die S.R. te verteenwoordig;

(ii) om 'n beter onderlinge verhouding tussen studente van verskillende fakulteite en taalgroepe te bewerkstellig, asook tussen owerhede en studenteunie, deur groter openhartigheid, verdraagsaamheid en wedersydse vertroue aan te moedig.

**Voorsteller:** Emil Venter.

**Sekondante:** H. S. Oosthuizen (mej.), J. J. Hattingh, B. C. Lategan, G. J. Oberholzer, M. R. Heyns.

## JOHN MACKINNON

**VIde JAAR**
**M.SC. (TOEGEPASTE WISKUNDE)**

**ONDERVINDING:**

1960: **Sekretaris Bergville-huiskomitee.**

1961: **Primarius Bergville; Tesourier U.S.-manstennisklub.**

1962: **Primarius Bergville; Onderkaptein U.S.-manstennisklub; Privaatstudente-huiskomitee.**

1963: **Primarius Bergville; Kaptein U.S.-manstennisklub; Vise-Primarius P.S.O.; U.S.-krieketklubbestuur; Intervarsitykomitee; Tydelike Juniorlektor in Wiskunde.**

**BELEID:**

Terdeë bewus van die hoë eise van Studenteraadskap, bied ek my aan in diens van die studenteunie. Ek sal Stellenbosch na die beste van my vermoë, ooreenkomstig sy Christelike-Nasionale grondslag, dien.

Voorsteller: A. H. Lückhoff.

**Sekondante:** J. Engelbrecht, D. J. de Villiers, D. Jooste, H. J. Schwartz, T. E. Lombard.

## INA MALHERBE

**IIIde JAAR**
**B.A. III**

**ONDERVINDING:**

1963: **Lid van Komitee vir Openbare Betrekkinge; B.T.K.-bestuurslid; Huiskomiteelid Minerva.**

**BELEID:**

1. Strewe tot diens te wees vir Studente-unie en studentebelange, in besonder vir dames, te bevorder.

2. Ten gunste dat Junior Breëbestuur meer direk by die Studenteraad-administrasie betrek word.

3. Ek sal t.o.v. beleidsake 'n standpunt inneem ooreenkomstig my Christelike beginsels.

**Voorsteller:** Abraham Lückhoff.

**Sekondante:** T. E. Lombard, D. Jooste, D. J. de Villiers, T. J. Louw, H. J. Schwartz.

## DAWIE PRETORIUS

**IVde JAAR**
**S.O.D.**

**ONDERVINDING:**

1961: **Tesourier Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding.**

1962: **Voorsitter Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding.**

1963: **Huiskom. Helderberg; A.S.B.-kom.; Intervarsitykom.; Afgevaardigde na A.S.B.-Kongres.**

**BELEID:**

Ek streef daarna om die Studente-unie na die beste van my vermoë, volgens Christelik-Nasionale beginsels, te dien en te verteenwoordig.

**Voorsteller:** D. Jooste.

**Sekondante:** H. J. Schwartz, D. J. de Villiers, T. E. Lombard, J. Engelbrecht, B. Geldenhuys.

## ROBIN PROBART

**Vde JAAR**
**B.A. (L.O.) III**

**ONDERVINDING:**

1961: **Vise-Voorsiter Stellenbosch Atletiekklub; Sportverslaggewer.**

1962: **Voorsitter U.S. Atletiekklub; Komiteelid Vereniging van Liggaamlike Opvoeding.**

1963: **Vise-Primarius Huis Visser; Voorsitter U.S. Atletiekklub.**

**BELEID:**

1. Om die taak aan my opgedra na die beste van my vermoë te probeer verrig en sodoende te streef om die homogene karakter van ons Studentegemeenskap te bewaar, en om op te tree as die nodige skakel tussen die owerheid en die Studente-unie.

2. As verteenwoordiger van my medestudente is dit dan ook my plig om hulle belange te dra, en om as ambassadeur van my Universiteit, my land en my volk altyd die Christelike vaandels hoog te hou.

3. Die S.R. moet daarna streef om in 'n brëer gesigsveld met anderdenkendes in aanraking te kom, maar beginsels moet nie prysgegee word nie.

4. Sport moet 'n regmatige plek in die Studentegemeenskap inneem deurdat 'n harmoniese ontwikkeling van liggaam en gees tot sy volle ontplooiing moet kom deurdat ondersoek ingestel moet word of elke sportliggaam opsigself die maksimum voordeel aan sy ledemate voorsien.

**Voorsteller:** J. Engelbrecht.

**Sekondante:** D. Jooste, H. J. Schwartz, T. E. Lombard, B. J. Geldenhuys, Somarie Jooste (mej.).

## JOHN B. SMITH

**IIIe JAAR**
**B.A. III**

**ONDERVINDING :**

1963 : **(i) Reklame-komitee Helderberg; (ii) „Die Berghaan'-redaksie; (iii) C.S.V.-kringleier; (iv) Sentrale Sendingkomitee.**

**BELEID :**

1. Daarstelling van kanale vir aktualisering van skeppende studente-inisiatief.

2. (a) Uitbouing van die kultuurlewe op Stellenbosch, (b) Gevolglik die betrekking van die hele Studente-unie in die spoedige verwesenliking van die L.G.S.-G.S. (selfs as twee aparte sentra).

3. Wedersydse respek en toenadering tussen studentegroepe en hulle doelstellings;

4. Sodoende 'n beter mens-totmens verhouding.

5. In denke en daad ons Christelike beginsels dienswillig bly handhaaf en respekteer.

**Voorsteller:** S. N. Viljoen.

**Sekondante :** E. Dreyer, B. Bester, G. J. Oberholzer, G. N. Meyer, W. J. van Schaik.

## ERNST VAN DER WALT

**IVde JAAR**
**B.D. I**

**ONDERVINDING :**

1961 : **Tesourier, Junior Breëbestuur,**

1963 : **Lid van Eendrag se Huiskomitee; C.S.V.-Koshuisverteenwoordiger; Lid van die A.S.B.-Komitee en Afgevaardigde na die A.S.B.-Kongres.**

**BELEID :**

Ek bied my aan in diens van die Studente-unie en is deeglik bewus van die eise wat studenteraadskap aan my sal stel. Ek sal streef om my Christelike beginsels uit te leef en Stellenbosch na die beste van my vermoë te dien. Ek sal my beywer vir nouer samewerking tussen die verskillende groepe met die nodige wedersydse erkenning van mekaar se beginsels.

**Voorsteller :** D. Jooste.

**Sekondante :** J. Verdoes, B. Geldenhuys A. H. Lückhoff, B. C. Lategan, J. Engelbrecht.

## ANDREAS VAN WYK

**IVde JAAR**
**LL.B. IV**

**ONDERVINDING:**

1961: **U.S.-verteenwoordiger in Interuniversitêre Radiovasvra.**

1962: **Lid van A.S.B.-komitee; nuusverslaggewer „Die Matie".**

1963: **Sub-redakteur „Die Matie"; afgevaardigde na A.S.B.-kongres; redakteur „Stellenbosse Student"; vise-voorsitter van Afrikaanse Studentepersunie (A.S.P.U.).**

**BELEID:**

1. Aangesien hoë eise aan die lede van die Studenteraad gestel word, sal ek trag om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.

2. Ek sal my beywer vir die voortsetting van goeie samewerking tussen die verskillende groepe aan ons universiteit, asook tussen die owerhede en die studente-unie.

3. Ek spreek my ook uit ten gunste van die behoud van Stellenbosch se tradisies en beginsels soos dit deur die jare uitgeleef en toegepas is. In die handhawing hiervan, sal ek my laat lei deur my Christelike beginsels.

**Voorsteller:** Bernard Lategan.

**Sekondante:** Dawie de Villiers, Somarie Jooste (mej.), H. N. Botha, Deon Malherbe, D. Ribbens.

## JUDGE VAN ZYL

**IVde JAAR**
**LL.B. IV**

**ONDERVINDING:**

1961: **Voorsitter Junior Breë Bestuur.**

1963: **Simonsberg Huiskomitee; Amptelike Waarnemer by A.S.B.-Kongres.**

**BELEID:**

Ek stel my ten doel om my universiteit na die beste van my vermoë te dien en om sover moontlik om te sien na die belange van elke student in die besonder en die universiteit in sy geheel.

Verder sal ek poog om aan elke student, in soverre dit my taak is, die volle geleentheid tot selfverwesenliking te gee. In die uitoefening van my taak sal ek trag om te handel ooreenkomstig die spesifieke aard en karakter van Stellenbosch soos wat dit deur die jare heen gevestig is.

**Voorsteller:** D. Jooste.

**Sekondante:** Van Zyl Slabbert, P. J. Verdoes, C. C. van der Merwe, J. Engelbrecht, S. Jooste (mej.).

## EMIL VENTER

**KWEEKSKOOL EN B.D.**

**ONDERVINDING:**

**Werk eers as bankklerk.**

1960: **C.S.V.-verteenwoordiger, Helderberg.**

1961: **Helderberg Huiskomitee; C.S.V.-verteenwoordiger; Karnavalkomitee.**

1962: **Onder-primarius Helderberg; C.S.V.-bestuur.**

1963: **Onder-primarius, Helderberg; C.S.V.-bestuur.**

**BELEID:**

Ek staan by die Christelik-Nasionale karakter van ons universiteit. Ek glo aan handhawing van jou eie, aan strenge optrede teen dit wat die meerderheid se beginsels skend. Maar ek glo ook aan die goeie samewerking tussen andersdenkendes. As sodanige stel ek myself tot u beskikking.

**Voorsteller:** B. C. Lategan.

**Sekondante:** J. S. Kellerman, P. Potgieter, C. M. Pauw, Braam le Roux, D. Jooste.

## ANDRIES VERMEULEN

**IVde JAAR**
**LL.B. IV**

**BELEID:**

1. Die daarstelling van 'n hegter samehorigheidsgevoel op Stellenbosch ter verwesenliking waarvan ek voortdurende stimulerende gedagtewisseling en kontak tussen taalgroepe en tussen student en owerheid sal aanmoedig.

2. Die handhawing en UITBOUING van dit wat getrou en eie is aan die aard en karakter van ons universiteit. In aansluiting daarby bepleit ek egter ook 'n voortdurende vernuwing en aanpassing by tyd en omstandighede.

3. As enkele meer praktiese uitgangspunte:

(a) Snoekertafels as deel van gemeenskapsaalgeriewe in manskoshuise (vgl. Helderberg).

(b) Subsidiëring deur die Sportkantoor van bykomende sportfasiliteite op studente-inisiatief in koshuise aangebring.

(c) Reoriëntasie van die Werkverskaffingsburo.

**Voorsteller:** John Smith.

**Sekondante:** H. C. Kuun, D. V. Jackson, G. N. Meyer, P. K. Schreve, W. van Schaik.

## GAVIN WILLIAMS

**IIIde JAAR**
**B.A. (REGTE) III**

**BELEID:**

1. Aangesien onkunde en apatie menslike verhoudings saboteer, bepleit ek nouer inter-universitêre kontak, gebaseer op wedersydse respek vir mekaar.

2. Ek spreek my misnoeë uit oor die eerste-jaarstelsel wat mense hulle op hul status, eerder as op hulle prestasies, laat beroep vir respek.

3. 'n Student is iemand wat kennis nastreef, sonder enige vooroordeel. (Die A.S.B.-konstitusie ontken dit). Die S.R. is verplig om ope gedagtewisseling aan te moedig.

4. Christelike-Nasionalisme is 'n weerspreking in terme. Volksliefde is liefde vir mense wat my eie belange en karaktertrekke deel. Ware naasteliefde inteendeel, beteken dat ons die belange van andere, selfs ons vyande, moet nastreef.

**Voorsteller:** Simon Bekker.

**Sekondante:** A. J. Smit, T. Andrag (mej.), J. A. Watson, L. Young (mej.), A. J. Low (mej.).

## LESLIE YOUNG (mej.)

**IIIde JAAR**
**B.Dram. II**

**ONDERVINDING:**

1962-1963: **Sekretaresse U.S. Amateurteater.**

**BELEID:**

1. Inter-universitêre kontak moet aangemoedig word op 'n kulturele grondslag buite die politieke struktuur van sowel N.U.S.A.S. as die A.S.B. om politieke struikelblokke te vermy.

2. Daar is te veel apatie onder die studente-unie wat buitemuurse aktiwiteite betref. Studente moet aangemoedig word om sulke geleenthede te gebruik om hulle kultureel uit te leef.

**Voorsteller:** S. Preller (mej.).

**Sekondante:** H. van Zyl, C. Engels (mej.), G. Giles, D. Furquharson, M. J. van der Meer.

## GAWIE ZEEMAN

**VIIde JAAR**
**KWEEKSKOOL en B.D.**

**ONDERVINDING:**

1958 en 1959: **C.S.S.B.-Konvenor, C.S.V. Kringleier.**

1960 en 1961: **P.S.O.-Huiskomitee; Organiseerder P.S.O.-Vrugtefees; C.S.S.B.-Konvenor.**

1962: **P.S.O.-Huiskomitee; Redaksie „Die Kanarie".**

1963: **Bestuurslid van die Studentetak van die Nasionale Party; Redaksie „Die Pieke".**

**BELEID:**

Die invloed van die Universiteit van Stellenbosch op breëre volksterrein is groot. Die tradisie van ons Universiteit is bekend en kerngesond. Deur my beskikbaar te stel tot diens aan die Studente-unie soos beliggaam in die Studenteraad, sal ek in waarheid staan vir die kragtige voortgang van hierdie invloed en tradisie. Daarvoor sal ek onvermoeide ywer aan die dag lê met die Skrif as hoogste Norm en Rigsnoer vir die taak.

**Voorsteller:** T. E. Lombard.

**Sekondante:** P. Potgieter, C. M. Malan (mej.), D. Jooste, Christiaan Brand, H. J. Schwartz.

## Kunsalmanak

- **21 Augustus:**
  *„Splendor in the Grass", met Natalie Wood en Warren Beatty in die Plaza.*
- **22—31 Augustus:**
  *Uitstalling van skilderye deur David Botha in die Edrich-galery.*
- **22—24 Augustus:**
  *„What ever happened to Baby Jane", met Bette Davis en Joan Crawford in die Plaza.*
- **23 Augustus:**
  *Uitvoering van Barokmusiek deur die Stellenbosse Strykorkes o.l.v. Pierre De Groote. Soliste: Erica Gruber (Klavesimbel); Bernice Easton (Tjello); Pierre De Groote (Viool); Hanneke Hugo (Fluit) en Chris Swanepoel (Klavesimbel). Om 8.15 nm. in die Konservatoriumsaal.*
- **23, 24 Augustus:**
  *„Moleste met 'n Verliefde Spook" onder regie van James Norval en Anna Cloete, in die Bothasaal om 8.15 nm.*
- **30, 31 Augustus:**
  *„The Pigeon that took Rome" met Charlton Heston, in die Recreation.*

*Jaarlikse Monstervergadering:*

# CHRISTIAAN BRAND LEWER JAARVERSLAG

AFGESIEN van gevatte kwinkslae en tussenwerpsels, het die jaarlikse Monstervergadering stil en ordelik verloop. Op die vergadering, wat op Woensdagaand, 14 Augustus plaasgevind het, het die uittredende S.R.-voorsitter, mnr. Christiaan Brand, dan ook sy voorsittersverslag gelewer. Hy het ook sy dank uitgespreek teenoor mnr. Francois Hanekom wat as S.R.-voorsitter bedank het nadat hy 'n lektoraat op Saldanha aanvaar het.

Uit die verslag het dit geblyk dat die Studenteraad met ywer sy taak gedoen het in al die terreine waarop hy hom beweeg. Gedurende die vraetyd het mnr. Brand sy houding ten opsigte van NUSAS op Stellenbosch gestel, asook oor pogings om alle Suid-Afrikaanse studente saam te snoer in organisasies soos SANSO en Fedec in 1959 en 1961 onderskeidelik. Verder het mnr. Brand verslag gedoen oor S.R.-bedrywighede in verband met die verenigingslewe, samewerking met die owerhede, ens. 'n Mosie van dank aan die uittrende S.R. is eenparig aanvaar.

Uit die verslag van die tesourier van die Studenteraad, mnr. Deon Jooste, blyk dit dat die finansiële posisie van die Studenteraad ook gesond is. Een vraesteller wou egter weet waarvoor die geld vir al die portretrame nou eintlik is!

Daarna het die twee mosies wat ingedien is, aan die beurt gekom, asook die mosie ter wysiging van die konstitusie. Die konstitusionele wysiging waarvolgens die Studenteraadsverkiesing in die vervolg binne die eerste vyf weke van die tweede semester moet plaasvind, in plaas van binne die eerste vier weke soos tot nou toe, is vinnig goedgekeur, nadat daarop gewys is dat dit vir die uitgaande Studenteraad moeilik is om al sy werksaamhede binne die vier weke na die vakansie af te sluit.


Mnr. Bernard Lategan, wat die voorsteller was van die volgende mosie, nl. dat die S.R. vergroot moet word tot 14 lede, waarvan twee die mediese en buitemuurse studente op Bellville sal verteenwoordig, het dit duidelik gestel dat dit slegs 'n poging is om die studente se houding teenoor 'n latere moontlike konstitusionele wysiging vas te stel. Weens praktiese moeilikhede, veral die groot afstand, word die Militêre Akademie op Saldanha voorlopig buite rekening gelaat. Nadat die saak bespreek is, het die vergadering hom in beginsel uitgespreek ten gunste van die voorgestelde moontlike wysiging.

Die laaste mosie, wat na verwagting 'n baie warm bespreking sou uitlok, het nooit onder bespreking gekom nie. Dit was naamlik die mosie van mnr. Gavin Williams waarin die studente-unie gevra is om sy afkeur uit te spreek van die veelbesproke artikel wat in „Die Pieke", die koerantjie van die Studentetak van die Nasionale Party, verskyn het. Mnr. Andrew Newton-Thompson het naamlik 'n ordemosie ingedien dat die mosie nie bespreek moet word nie as gevolg van die partypolitieke implikasies daarvan. Nadat mnr. Williams op die ordemosie geantwoord het, is dit egter aanvaar en daar is van die onderwerp afgestap. Daarna is die vergadering verdaag.


„Die Matie" wil ook net graag sy hartlike dank uitspreek teenoor die uittredende Studenteraad vir die hulp en bystand, beide materieel en andersins, en in besonder teenoor die voorsitter, mnr. Christiaan Brand vir sy altyd welkome woorde van waardering, en teenoor die voorsitter van die Publikasiekomitee, mnr. Deon Jooste, vir sy ondersteuning.

## Nuwe Springbokke

**Namens alle Maties, ons hartlike gelukwense aan ons nuwe Springbokke, Hannes Marais en Johan Schoeman, asook aan veteraan Jannie Engelbrecht. Gelukwense gaan ook aan Junior Springbok Philip Court.**



HANNES MARAIS



JOHAN SCHOEMAN

## „Moleste met 'n Verliefde Spook"

Na 'n lang tyd van afwesigheid besoek die welbekende verhoog- en filmpersoonlikhede, James Norval en Anna Cloete weer Stellenbosch. Die jong Paddy Cloete wat ook reeds haar buiging op die verhoog en in rolprente gemaak het en vinnig op die voetspore van haar ouers volg, tree ook hierin op. Hierdie geselskap is nou op toer met 'n grappige klug, „Moleste met 'n Verliefde Spook" en tree eerskomende naweek in die Bothasaal op.

Hierdie stuk is deur Anna Cloete geskryf met 'n tema wat aan die bonatuurlike grens. Maar dis geensins morbied nie, inteendeel, dit prikkel gedurig die lagspiere in die eienaardigste situasies. Want wat kan meer komplikasies skep as manlief in staat is om 'n gees te sien, terwyl sy vrou nie daartoe in staat is nie? En daarby is dit nie net sommer die besoek van 'n gewone, vreesaanjaende geestesverskynsel nie, maar boonop dié van 'n . . . verliefde spook! Geen wonder dat moleste ontstaan nie.

„Moleste met 'n Verliefde Spook" word op 23 en 24 Augustus in die Bothasaal opgevoer en dit begin elke aand om 8.15. Toegang vir studente is 35c en plekbespreking kan by Edrich gedoen word.

## Awie

Goeiemôre, vriende!

Lieflike dag, nie waar nie? Ai, maar dis darem pragtig, nè? Veral as 'n bobbejaan so baie goeie liewe vriende het soos ek. Ek waardeer dit tog so — en as ek julle met iets kan help, sê tog net.

Tot siens, nou!

AWIE.

N.S. Moet tog nie vergeet om vir MY te stem in oormôre se verkiesing, nè? Dankie, baie dankie!

## Hoe word die Fliekkaartjies Toegeken?

BY baie studente bestaan daar onsekerheid oor hoe die fliekkaartjies wat in elke „Matie" uitgedeel word, presies toegeken word. Die persoon wat vanjaar daarvoor verantwoordelik was, is mnr. P. van der Gaast.

Vanjaar is die toekenning van S.R.-fliekkaartjies op grond van senioriteit en meriete gebaseer. 'n Omsendbrief is in Februarie aan die verskillende primarii/iae gestuur waarin hulle gevra is om 'n lys van persone wat hiervoor in aanmerking kom op te stel. Slegs twaalf koshuise het egter lyste ingehandig wat die uitdeling effens bemoeilik het. Om 'n meer gelyke inter-koshuis verdeling te bewerkstellig is dus gebruik gemaak van die Studentegids van 1963. Dit het daarop neergekom dat slegs Huiskomiteelede vir fliekkaartjies in aanmerking gekom het.

'n Verandering op hierdie stelsel is aangebring in soverre kaartjies van Junie af al hoe meer ook aan besture toegeken is. Hierdie verandering is aangebring omdat daar gevoel is dat daar persone buite koshuise is wat ook diens lewer aan die Studente-unie. In hierdie verband is daar ook kaartjies toegeken aan persone wat op sportgebied gepresteer het.

# ?

**AAN AL DIEGENE WAT BYDRAES VIR DIE STELLENBOSSE STUDENT GELEWER HET, BAIE DANKIE!**

## VAN ALLES EN NOG WAT

Hier volg enkele belangwekkende feite uit die verslae wat sopas deur die uittredende Studenteraad oor sy werksaamhede gelewer is:

- **S.R.-lenings:**

Daar is vanjaar R3,000 uit die Studenteraad se leningsfonds aan studente beskikbaar gestel. In samewerking met die amptenare van die Universiteit is al die studente wat aansoek gedoen het, gehelp met lenings waarvan die bedrag van R50 tot R300 gewissel het.

- **Kleureksamen:**

270 kandidate het vanjaar die kleureksamen geslaag, terwyl 50 persone minder gelukkig was.

- **Verlore goedereburo:**

Volgens 'n reglementswysiging van 20 Maart 1963 kan die inhandiger van verlore goedere dit na drie maande terugvra indien dit nog nie deur die eienaar afgehaal is nie. So nie, sal die S.R. na goeddunke daarmee handel. Die Bewaarder van Verlore Goedere, mnr. Ernst Lombard, berig egter dat daar betreklik min verlore goedere by die S.R.-kantoor ingehandig word.

## LEES INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR VOORDAT U STEM!

## FLIEKKAARTJIES

Die volgende persone kan fliekkaartjies vir die betrokke dae op Woensdag, 21 Augustus tussen 2.30 en 4.30 nm. by die Studenteraadskantoor kom afhaal.

**Woensdag, 21 Augustus:**
André Appel (Gesk. ver.).
J. Gavera (Klassieke ver.).

**Donderdag, 22 Augustus:**
E. M. Berg (Sielk. ver.).
T. Robertson (Wet. ver.).

Die volgende persone kan kaartjies op Maandag, 26 Augustus, kom afhaal:

**Maandag, 26 Augustus:**
J. H. Malan (Ligg. Opvoed.).
G. Featherstone (Anglikaans. ver.).

**Dinsdag, 27 Augustus:**
S. Hurwitz (Joodse ver.).
J. van Huyssteen (Admissiebond).

**Woensdag, 28 Augustus:**
P. R. Donald (Katolieke ver.).
F. Cloete (Skaakklub).

**Donderdag, 29 Augustus:**
F. Preller (Juridiese ver.).
T. Yeats (Vliegklub).

**L.W.** Indien fliekkaartjies nie op die datum soos aangedui, afgehaal word nie, word alle aanspraak daarop verbeur.

**(Sien kolom 3)**

**DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.**